Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

DIE BONATUURLIKE EN MISLEIDING

Christengelowiges is grootliks eenstemmig dat ons 'n God van tekens, wonders en ook van die geesteswêreld dien. Die Afgesonderde Skrifte is ook baie duidelik oor die werklikheid van tekens, wonders en van die geesteswêreld, soos ondermeer uit die volgende Skrifverwysings duidelik is:

Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. Matt. 24:24

Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Efes. 6:12

Bonatuurlike gebeure word beskou as tekens, wonderwerke en manifistasies wat met die geesteswêreld verband hou.

Baie ongelowiges is egter skepties oor aansprake van bonatuurlike gebeure. In ons eeu van gevorderde tegnologie en kundigheid is mense eerder geneig om die bonatuurlike op 'n wyse te probeer verklaar wat YHVH en die geesteswêreld geheel en al ignoreer. Verbeelding, emosionele opsweping, manipulasie en oë verblindery word ondermeer voorgehou as verklarings vir sulke gebeure en is dikwels wel die geval!!

Onder Christene dien bonatuurlike gebeure egter as trekpleister en word byeenkomste waar dit plaasvind in groot getalle bygewoon. Vir baie het die bonatuurlike en die mistieke 'n groot bekoring. Die bewys hiervan is ondermeer die groot getalle wat jaarliks plekke of dienste besoek waar bonatuurlike genesings en manifistasies plaasvind. Plekke soos Fatima in Portugal, Lourdes in Frankryk en Medjugorje in Bosnia-Hersegovina lok jaarliks miljoene mense wat hoop en glo vir 'n wonderwerk. Talle besoekers aan hierdie sogenaamde *heilge plekke* van die Katolieke getuig wel van genesings op bonatuurlike wyse.

So ook stroom Christene na byeenkomste van bekende Christenleiers wat 'n bediening het waar bonatuurlike manifistasies gereeld plaasvind. Talle getuig van 'n bonatuurlike ondervinding (genesing, bevryding, ens) en sigbare manifistasies (val in die gees, lag in die gees, dronk in die gees, dieregeluide, ens.) wat alles volgens hulle oortuiging aan die

werking van die ‘Heilige Gees’ toegeskryf word. Duisende stroom na hierdie byeenkomste, wat dikwels as ‘herlewing’ beskou word, nie noodwendig om die Woord van YHVH te hoor nie, maar om ‘n ervaring van die sogenaamde *‘salwing en die krag van God te beleef’*. Talle gaan om die *salwing te ontvang* (*the impartation*) en om dit dan na hulle eie gemeentes *terug te neem*. Niemand kan die bonatuurlike *element* in hierdie gebeure betwyfel nie! Maar.....?

Die toenemende gewildheid van meditasie, Christelike spiritualiteit en sogenaamde *inwaartse reise*, die *mistieke eenwording met God, ensovoorts* is verdere voorbeelde van die belangstelling in die bonatuurlike.

Die vraag is egter of alle bonatuurlike gebeure wat in die Christendom, en tydens hulle byeenkomste plaasvind, wel altyd die werking van die Gees van YHVH is? Anders gestel: Hoeveel bonatuurlike manifistasies is dalk die misleiding van Satan? Kan ons sondermeer aanvaar dat dit wat vir ons Christelik lyk en voel wel die werking van die Almagtige op bonatuurlike wyse is? Die vraag moet tog sekerlik gevra word: *Wat is die bron (oorsprong) van hierdie bonatuurlike gebeure*? Om dit te beantwoord moet ons eerstens ‘n definisie van die bonatuurlike en van misleiding gee!

Wat is die bonatuurlike?

‘n Vereenvoudigde definisie van die bonatuurlike is *gebeure waarvoor geen wetenskaplike verklaring gegee kan word nie*. Dit is dus gebeure wat nie volgens enige van die bekende natuurwette verklaar kan word nie. Daarom word tekens (manifistasies) en wonderwerke as bonatuurlik gereken.

MAAR dit moet altyd onthou word dat die bron (oorsprong) van die bonatuurlike is een van twee, naamlik: YHVH die Almagtige of Satan en sy bose magte.

In die lig hiervan moet ons dan die vraag van vroeër beantwoord, naamlik: Is alle bonatuurlike gebeure wat in die Christendom, en tydens hulle byeenkomste plaasvind, wel die werking van YHVH en Sy Afgesonderde Gees?

In die lig van wat die Skrifte leer moet die antwoord op hierdie vraag ‘n besliste “Nee” wees. Alle bonatuurlike gebeure is nie noodwendig die werking van YHVH op ‘n sigbare wyse nie. Die Skrifte bevestig dat misleiding, met gepaardgaande tekens en wonders, ‘n werklikheid is wat baie maklik gelowiges kan mislei. Daarom bevat YHVH se Woord duidelike waarskuwings in dié verband. Die volgende Skrifte bevestig dit.

En Yeshua antwoord hulle en begin te sê: Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Dit is ek! En hulle sal baie mense mislei. Mark. 13:5 en 6.

Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Messias. En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in ‘n engel van die lig. 2 Kor. 11:13 en 14.

Pas op dat niemand julle as 'n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Messias nie. Kol. 2:8.

Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang. 1 Tim. 4:1.

Want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels. 2 Tim. 4:3 en 4.

Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan. 1 Joh. 4:1.

Dit is derhalwe 'n feit dat opregte Christengelowiges mislei kan word deur valse messiase, asook valse apostels, herders, evangeliste, leraars en valse profete wie se bedieninge selfs met tekens en wonders gepaard sal gaan. Daarom het Yeshua gewaarsku:

Want daar sal valse messiase en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. Matt. 24:24.

Wat is Misleiding?

Misleiding is om te glo dat dit wat vals (onwaar) is, wel die waarheid is. Geestelike misleiding is wanneer 'n verdraaide weergawe van die leerstellings van die Afgesonderde Skrifte as waarheid geglo word. Dit is die vals profete, asook vals leraars, vals herders, vals apostels en vals evangeliste wat mense weglok van YHVH se onderrig en instruksies (Torah) en om dus 'n ander god as YHVH te dien.

Die Skriftuurlike definisie van misleiding is dus dit wat jou laat wegdraai van YHVH se onderrig en instruksies, naamlik Sy Torah. Dit wat bygevoeg of weggeneem word van Torah, terwyl steeds geglo word dat YHVH in gees en waarheid gedien word, is misleiding!!

Al vind daar tekens en wonders plaas, maar die een wat hom as profeet, leraar, herder, apostel en evangelis voordoen, verkondig iets anders as wat in Torah geskryf staan, en veral dat die Torah (wet) opgehef is, dan is dit geestelike misleiding! Wanneer 'n vals profeet, vals leraar of vals herder of vals apostel of vals evangelis se bediening met tekens en wonders gepaardgaan, is die misleiding soveel makliker, want mense is geneig om dit as bevestiging van die waarheid te beskou!

want as iemand kom en 'n ander Yeshua verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander goeie boodskap as wat julle ontvang het, kan julle maklik oortuig word, 2 Kor. 11:4 –PWL Vertaling[1]

Yeshua is die Woord van YHVH, die lewende Torah!! Daar is net een Yeshua van Torah, een Gees van YHVH en een evangelie van die Koninkryk van God. Dit is die fonadament waarop gebou moet word! Hierdie fondament is Torah en Yeshua van Torah.

Onthou: Torah is die Karakter, Outoriteit en Hoedanighede van YHVH en om dus tot Torah toe te voeg, of weg te neem, is om aan die Karakter, Outoriteit en Hoedanighede van YHVH te verander. Op hierdie wyse word 'n afgod geskep wat slegs sommige van YHVH se Karakter, Outoriteit en Hoedanighede bevat. Die mens het dan sy eie god geskep wat gedien word op wyses en plekke soos deur die mens bepaal word. Om dan te glo dat hierdie afgod wel YHVH die Almagtige is, is Satan se meesterstuk van misleiding.

Daarom: Mense wat glo dat YHVH se wet, naamlik Torah, opgehef is, en dat hulle deur die genade vry van die wet is, het in Satan se strik getrap en vir hulle 'n afgod gemaak wat hulle met groot ywer en opregtheid dien. Onthou dat die tien gebooie is die tien beginsels wat YHVH se Karakter, Outoriteit en Hoedanighede opsom en bevat dus die wese van die Almagtige. Om dus een gebod, soos die shabbatgebod, weg te neem (tot niet te verklaar), is om aan die wese en hart van YHVH te verander. Dit is om 'n gouekalf te maak en vir die volk te sê: *Dit is jou gode.... Môre is daar 'n fees tot eer van YHVH!* (Ex. 32:4 en 5).

Ons leef in 'n tyd waar misleiding in die gemeente van Yeshua (die kerk) hoogty vier. Yeshua het gewaarsku dat dit een van die tekens voor Sy wederkoms sal wees toe Hy aan sy dissipels gesê het:

Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Messias! en hulle sal baie mense mislei. Matt. 24:4 en 5.

Die woord *Messias* beteken *Die Gesalfde Een*. Yeshua is die Gesalfde van YHVH, en waar Yeshua was, was God se salwing teenwoordig en het die bonatuurlike plaasgevind. Dit is egter slegs die Afgesonderde (Heilige) Gees wat 'n persoon kan salf met YHVH se Gees. Waar die gesalfde van YHVH is, sal daar uiteraard 'n salwing wees. Baie sal dus in die laaste dae kom en hulle as die gesalfde van YHVH voordoen, of die salwing van God naboots, en mense mislei. Volgens Matt. 24:24 en Mark. 13:22 sal sommige van hierdie vals messiase selfs tekens en wonders doen. Mense kan slegs mislei word indien hulle glo dat dit wat hulle waarneem of ervaar, die salwing van YHVH is. Hierdie vals messiase sal dus mense oortuig dat dit wat hulle hoor, sien en ervaar die werking van YHVH is en dus die waarheid is.

Dit beteken dus dat alles wat as 'n bonatuurlike manifistasie en as 'n salwing ondervind en beskou word, nie noodwendig die werk van YHVH is nie, want ons weet dat Satan

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch:

hom kan voordoen as ‘n engel van die lig (2 Kor. 11:4, 13 tot 15). Derhalwe kan Satan die salwing van YHVH naboots, terwyl tekens en wonders wel plaasvind, en sodoende mense mislei. Om nie mislei te word nie, moet elkeen dus kan onderskei tussen die werklike salwing van YHVH en die nagebootse salwing van Satan – dit is om te kan onderskei tussen die waarheid en die leuen.

Hoe om te onderskei

Hoe kan ons onderskei tussen die bonatuurlike werking van YHVH en dié van Satan? Hoe kan ons sekerheid hê dat ons nie mislei is of mislei word nie? In die verband moet ons vertrekpunt die volgende wees:

- ❖ Jy sal nie weet of jy mislei is nie, want sodra jy weet dat jy mislei is, is jy nie meer mislei nie! Die wat dus mislei is, weet nie dat hulle mislei is nie. Elkeen moet dus self uitvind en toets of hy of sy mislei is of mislei word.

- ❖ Die bonatuurlike (tekens en wonders) in ‘n Christenbyeenkoms is nie noodwendig bevestiging van die waarheid nie!

- ❖ Dit is ook belangrik om te besef dat Satan net soveel leuens met die waarheid sal meng sodat die leuen nog steeds na die waarheid sal lyk. Satan gee nie om wat jy glo nie, net so lank jy nie die waarheid glo nie. Plekke of byeenkomste waar daar wel misleiding is, is daar ook baie waarheid. Daarom is misleiding altyd ‘n mengsel van waarheid en leuen wat dikwels verwarring en verdeeldheid tot gevolg het.

Die enigste betroubare wyse om enige bonatuurlike gebeurtenis te toets is op grond van YHVH se Woord, want dit is ons onderrig in die waarheid; dit voorkom dwaling; dit stel verkeerdhede reg en leer ons om in die regte verhouding met God te leef (2 Tim. 3:16 en 17). In die verband leer Torah ons die volgende:

As ‘n profeet of een wat drome droom tussen julle opstaan en julle ‘n teken of ‘n wonder gee en die teken of wonder kom waar wat hy jou gegee het met die woorde: ‘Laat ons agter ander gode aan loop, wat jy nie geken het nie en hulle dien,’ dan moet jy nie luister na die woorde van dié profeet of na dié man wat drome droom nie, want יהוה*, julle God, toets julle om te weet of julle* יהוה*, julle God, liefhet met julle hele verstand, wil en emosie en met julle hele gees en lewe. Julle moet* יהוה*, julle God, volg, Hom respekvol vrees, Sy opdragte hou, Sy stem gehoorsaam, Hom dien en aan Hom vashou. Dié profeet of dié man wat drome droom, moet doodgemaak word, want hy het rebellie verkondig teen* יהוה*, julle God, wat julle uit Egipteland uitgebring en jou uit die huis van slawerny losgekoop het, om jou van die pad af te verlei waarop* יהוה*, jou God, jou beveel het om te loop. So moet jy die boosheid uit jou midde verwyder.* Deut. 13:1 tot 5 – PWL Vertaling

Maar die profeet wat so vermetel is om ‘n woord in my Naam te spreek wat Ek hom nie beveel het om te spreek nie, of wat in die naam van ander gode spreek, dié profeet moet sterwe. Deut. 18:20.

Volgens Deut. 13:1 tot 5 en Deut. 18:20 is ‘n vals profeet (herder, leraar, apostel, evangelis) dus enige iemand wat woorde spreek wat nie volgens Torah, naamlik YHVH se onderrig en instruksies, is nie. Tweedens onderskei ons ‘n vals profeet (herder, leraar, apostel, evangelis) op grond van woorde wat hy in die Naam van YHVH spreek wat nie waar is nie en wat nie waar word nie (Deut. 18:21 en 22). Die valse profete (herder, leraar, apostel, evangelis) mislei (lok) mense weg van YHVH se onderrig en instruksies (Torah) en om dus ‘n ander god as YHVH te dien.

Al vind daar tekens en wonders plaas, maar die een wat hom as profeet (herder, leraar, apostel, evangelis) voordoen, verkondig iets anders as wat in Torah geskryf staan, dan is dit geestelike misleiding!! Om dit te glo (as die waarheid te aanvaar) is om mislei te wees!!

Selfs as ons, of ‘n boodskapper uit die hemel, vir julle ‘n goeie boodskap verkondig anders as die goeie boodskap wat ons aan julle verkondig het, sal hy vervloek wees! Gal. 1:8 – PWL Vertaling

Die Afgesonderde (Heilige) Gees is die een wat ons leer en ons herinner aangaande YHVH se Woord – Sy onderrig en instruksies, naamlik Torah (Joh. 14:26). Dit vereis egter dat ons moeite moet doen om in die waarheid van YHVH se Torah onderrig te word. Ons moet ons daarop toelê om ons beproef, met ander woorde getoets, voor Vader-God te stel as iemand wat hom nie hoef te skaam nie, maar wat Sy Woord in elke situasie kan verduidelik, verklaar en toepas (2 Tim 2:15). Die Afgesonderde Gees kan ons slegs herinner aan dít wat ons geleer het.

Wie ook al My opdragte het en hulle uitvoer, dit is hy wat My liefhet en wie My liefhet, hóm sal My Vader liefhê en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.” Joh. 14:26 – PWL Vertaling.

Indien ons nie YHVH se Torah (Woord) deeglik ken nie, is ons kwesbaar vir misleiding. Dit is dan wanneer Hosea 4:6 op ons van toepassing kan wees, naamlik: *My volk gaan ten gronde weens ‘n gebrek aan kennis*. Sulke mense verkeer dikwels in ballingskap (geestelik en fisies) weens hulle gebrekkige kennis van YHVH en Sy Woord (Jes. 5:12). Dit is om eie geregtigheid op terig weens ‘n gebrek aan kennis van YHVH se geregtigheid (Rom. 10:1 tot 3). Satan se vermoë om hierdie tekortkoming uit te buit en gelowiges te mislei, moet nooit onderskat word nie.

Opsommend

- Gelowiges word mislei omrede hulle tot YHVH se Woord toegevoeg of weggeneem het en op die wyse vir hulself ‘n afgod geskep het wat hulle op eie wyse en plek dien. ‘n Geval van die bruid wat verwag die Bruidegom moet haar volg!!

- Hierdie vatbaarheid vir misleiding is weens ‘n gebrek aan kennis van YHVH se Woord en omrede gelowiges nie YHVH se geregtigheid ken nie. Die gebrek aan

kennis is die direkte gevolg van die verwerping van die wet, naamlik YHVH se liefdevolle onderrig en instruksies, Sy Torah.

- Bogenoemde is die rede hoekom die wat mislei is die bonatuurlike werking van Satan as bevestiging van die werking van YHVH beskou. Hulle ongehoorsaamheid en gebrek aan kennis verhinder dat hulle kan onderskei tussen die waarheid en die leuen – tussen die werking van YHVH en die werking van Satan.

Ons weet dat die koms van die Antimessias gepaard sal gaan *volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid.* (2 Thess. 2:9 tot 12).

Maar daar was ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer, en ook die Meester wat hulle gekoop het, verloën en 'n vinnige verderf oor hulleself bring; en baie sal hulle verderflikhede navolg, en om hulle ontwil sal die weg van die waarheid gelaster word; en uit hebsug sal hulle met verdigte woorde voordeel uit julle trek. Oor hulle is die oordeel van lankal af nie werkeloos nie, en hulle verderf sluimer nie. 2 Pet. 2:1 tot 3

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete
Johan

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.